

## 2225. Werkswyse Sinode

### 25.1 **BESWAARSKRIF : STREEKSINODE BOSVELD OOR VERMINDERING VAN DEPUTATEGROEPE (ART 19, 45, 176)**

UUUUUUUUU. Ds SP Venter stel die Beswaarskrif.  
VVVVVVVVV. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 3.  
WWWWWWWWW. Ds FM Dreyer rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 3.

#### **XXXXXXXXX. BESWAARSKRIF**

##### **1. Die besluit waarteen beswaar gemaak word**

Nasionale Sinode-Acta 2000:537, art 2.2.3: Besluit: Punt 3.2: Die werkswyse soos uiteengesit in 2.2 (waaronder 2.2.3 ook staan) word goedgekeur. Vermindering van Deputategroepe ... Die verkleinde groepe koöpteer soveel hulp en kundiges as wat nodig is om toe te sien dat opdragte uitgevoer word. Aan die werk van die gekoöpteerdes word in Rapporteer erkenning gegee.

##### **2. Grond vir die beswaar**

**'n Oënskyelik onskuldige en sekerlik goed bedoelde wysiging het verreikende kerkregtelike implikasies**

- 2.1 Die baie belangrike kerkregtelike beginsel dat meerdere vergaderings nie permanente strukture daar kan stel nie, word uit die oog verloor. Deputate moet slegs uitvoer dit wat klaar besluit is. Daarvoor het die vergadering hulle geroep. Hulle moet in alle gevalle nie sake hanteer nie, maar alleen besluite wat deur hulle uitgevoer moet kan word volgens die meerdere vergadering se wel omskrewe opdrag.
- 2.2 Met die benaming Deputategroepe word naas die enigste erkende tydelike vergaderings van kerke op direkte of trapsgewyse metode nou liggame as Deputaatgroepe (of Deputaatskappe) in of tussen die kerklike meerdere vergaderings van KO, art 29 gestel aan wie bepaalde opdragte as kerklike beheer met woorde soos koöpteer, inroep van hulp, en toe te sien en beoordeling van "werk" van gekoöpteerdes geïmpliseer. In die verklarings van die KO van Dordrecht wat die GKSA basies nog vashou, word enige sweem van kerklike regering deur Deputate afgewys en gevalle waar dit in die verlede voorgekom het, sterk veroordeel waar dit na "interreges" naas die vergaderings van die Kerkrade en meerdere vergaderings gelei het (vgl. Bouwman: Geref Kerkrecht II p214 ev, oor ontstaan of gevaar van bestuurskolleges waarom die Dordtse Sinode KO, art 49 ingevoeg het. Voor 1816 is geen Deputate van die "Generale Sinode" benoem nie). Vandag neem Deputaatgroepe blykens die Notules van opeenvolgende Sinodes en in bogenoemde besluit die karakter van permanente Kommissies van Sinodes aan wat meer doen as "uitvoering" van besluite of advies in en aan kerkvergaderings. Bouwman wys die naam "Kommissie" (LW. "Deputategroep") met opdragte vir Deputate af (1934:215) "omdat de aldus benoemde personen in zich zelf een eenheid vormen en op hun terrein een zelfstandigheid en vrijheid van handelen bezitten", terwyl KO, art 49 slegs persone ken wat kan uitvoer wat meerdere vergaderings besluit het.
- 2.3 Bogenoemde bemagtiging van 'n Deputaatgroep om homself uit te brei deur "kundiges" (m.b.t. Skrif en Belydenis of wetenskaplike kwessies?) te laat werk en die werk te erken dui op verskuiwing van gesag van kerkvergaderings wat in die lig van Skrif, Belydenis en KO moet besluit, na gesag van kundigheid van individue wat bepaalde Kommissies (moontlik vanuit 'n bevooroordeelde hoek?) selekteer en wat so seggenskap as persone in kerklike sake uitoefen.
- 2.4 Die verskuiwing van gesag na kundigheid in bogenoemde bring die posisie en gesag

- van die Rapport van 'n Deputategroep teenoor die oordeel van die afgevaardigdes in 'n kerkvergadering onder verdenking wanneer onkundiges oor die Rapport van kundiges moet stem. Die bepaling in die besluit bring die kerkvergadering wat volgens die geloofsbriewe van afgevaardigdes onder sekere instruksie (KO, art 33) moet oordeel, onder verdenking. Kan minder kundiges oor die werk van kundiges oordeel – of maak die besluit Deputaatgroepe die spreekwoordelike stert wat die hond swaai en kerkvergaderings die formele rubberstempel op wat kundiges aanbeveel het? Die besluit bevat dus nie 'n bepaling wat 'n kerklike wyse van handeling in kerkvergaderings volg nie.
- 2.5 Streeksinode meen dat as gevolg van hierdie bepaling van Sinode 2000 Deputaatgroepe reeds manipulasies in besluitneming van vorige Sinode veroorsaak het en daardeur onrus en onsekerheid in die GKSA veroorsaak het. Streeksinode verwys hier na versteuring in die kerklike eenheid oor die liturgie (Psalmberyming, alternatiewe beryming en liedere, kelkies by Nagmaal), kerkbediening (vroue in sg ampte). Vgl. Acta 2006:172, 3.2 waar Deputate hulle eie oortuiging aan die oordeel van kerke kom voorlê het hoe hulle “van oordeel is dat die GKSA aansoek om lidmaatskap by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) moet doen en beveel so by die Sinode aan”. Die Deputate lyk nou meer die opdraggers na kerke se kant te wees, want hulle wat Deputate is, maak aanbevelings oor sake wat KO, art 49 vermink, want waar en wanneer het kerke die Deputate opdrag gegee om ons lidmaatskap van die SARK te ondersoek, wat nog te sê om aanbevelings te maak of om dit te probeer afhandel? As die versoek nie van kerke gekom het nie, moet Deputate dit nie wil kweek nie. So begin die kollegialistiese kerkbegrip ons al hoe meer bloots te ry as dit al meer om die organisasie GKSA se belang by 'n ander organisasie, die SARK, gaan. Op die einde word die eintlike kerk, die GKSA is nie kerk nie, maar die kerk op die grond, die plaaslike kerk wat regtig kerk moet wees, kry die skaafmerke en snyplekke van Deputate wat ongevraagde perde wil opsaal en boonop bloots wil ry.
- 2.6 Streeksinode is van oordeel dat wanneer mindere vergaderings sake voor 'n Sinode lê, die Sinode moet besluit in die lig wat hy het en as die saak nie duidelik en oortuigend voor hom gelê word nie, kan hy nie sy plig na Deputategroepe verplaas nie, maar moet hy dit na die kerke wat die saak voor die Sinode voorgelê het, terugverwys. Dit lê dan op die weg van die kerke om advies in te roep, persone te laat studeer en met 'n meer afgeronde en gegronde versoek voor die Sinode te kom. Die huidige prosedure volgens Sinode 2000 met sy verkleinde Deputaatgroepe wat hulleself kan uitbrei, lei tot eindelose Rapporte wat in onvoldoende tyd in Sinodes deurgedruk word.
- 2.7 Bogenoemde gronde kan almal herlei word na die eenvoudige stelling: dat KO, art 49 nie Deputaatgroepe soos Kommissies ken nie, maar dat 'n kerkvergadering elke saak op die Agenda oorweeg en besluit en, indien nodig, onmiddellik daar Deputate benoem om die besluit uit te voer. Dit impliseer nie 'n oop-mandaat deur 'n opdrag tot studie of insamel van kundigheid nie. Die bepaling dat Deputaatgroepe kundiges na goeëddunke kan inroep buite die kerkvergaderings om, krenk in wese die reformatoriese verset teen hierargie wat in KO, art 84 (art 1 van Emden 1571) as voorwaarde vir meerdere vergaderings neergelê is. Die Kerkraad versoek derhalwe dat KO, art 49 onveranderd en sonder die besluit van Sinode 2000 gehandhaaf word. Elke meerdere vergadering benoem Deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Vir die onderskeie belange moet so veel as moontlik afsonderlike groepe Deputate benoem word. Hierdie Deputate hou van al hulle handelinge Notule om aan die meerdere vergadering verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van die opdrag onthef. Die benoeming en ontslag van Deputate berus daarom nie by die Deputate self soos Sinode 2000 reël of Deputate wil verminder nie, maar by die betrokke meerdere vergadering. Die Sinode 2000 het onnodige en onverantwoorde reglementering t.o.v. KO, art 49 meegebring.

## YYYYYYYYYY. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

### 1. Opdrag

Beswaarskrif: Streeksinode Bosveld oor vermindering van Deputategroepe.

**Besluit: Kennis geneem.**

### 2. Sake vir kennisname

#### 2.1 *Werkswyse*

Die Kommissie het die saak deeglik bespreek. Daar is geluister na insette en advies van ander lede van die Sinode oor die Beswaarskrif. Die toeligter van die Beswaarskrif is ook gevra vir mondelingse toeligting. In die lig van al die gegewens is die saak beredeneer bevindings, gemaak en word aanbevelings aan die Algemene Sinode 2009 gemaak vir besluitneming.

#### 2.2 *Beredenering*

2.2.1 Die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:538, 3.2) waarteen beswaar gemaak word, word in 1 aangehaal. Beswaar word gemaak teen die werkswyse van Deputate in punt 2.2.3 (Acta 2000:537) wat deur die besluit goedgekeur is.

2.2.2 Een beswaargrond word gegee in 2. Hierin word die bewering gemaak dat die besluit van Sinode 2000 'n oënskynlik onskuldige en sekerlik goed bedoelde wysiging gemaak het met verreikende kerkregtelike implikasies. Die wysiging waarna die beswaargrond verwys, dui op die vermindering van die Deputate deur groepe saam te voeg. Die genommerde paragrawe 2.1 tot 2.7 word aanvaar as motiverings vir die beswaargrond. Die getuienis wat hierin aangebied word, word in die beredenering geweeg.

2.2.3 In 2.1 word beweer dat die besluit van Sinode 2000 die kerkregtelike beginsel uit die oog verloor dat meerdere vergaderings nie permanente strukture kan daarstel nie. Daar word aanvaar dat hier na Deputategroepe as permanente strukture verwys word. Die bewering word nie bewys nie. Die besluit van Sinode 2000 bevestig dat die termyn van Deputate 3 (drie) jaar is (Acta 2000:537, 2.2.1). Die besluit van Sinode 2000 maak dus nie – soos die beswaar beweer – van Deputate permanente Kommissies van die Sinode nie. Die stelling dat Deputate die welomskrewe opdrag van die meerdere vergadering (KO, art 49) moet uitvoer, is waar. Geen aanduiding word gegee hoe die stelling die beswaar teen die besluit van Sinode 2000 ondersteun nie.

2.2.4 Die sin (paragraaf) waarmee 2.2 begin, is nie heeltemal afgerond nie en daarom moeilik om te verstaan. Wat met die verwysing na die benaming Deputaatgroepe anders as Deputate bedoel word, word nie in die beswaar aangedui nie. In die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:537.2) word die woord as sinoniem vir Deputate gebruik. Die bewering dat die besluit van Sinode 2000 Deputaatgroepe as permanente liggame naas die bestaande kerklike vergaderings (KO, art 29) stel, is reeds in 2.2.3 hierbo beredeneer en afgewys.

2.2.5 Die sin waaruit 2.3 bestaan, beweer dat die besluit van Sinode 2000 meebring dat gesag van kerkvergaderings verskuif na individue. In hierdie bewering kom 'n gesagsbegrip na vore wat vreemd is aan die presbiteriale kerkregering. Kerklike vergaderings in die GKSA het nie gesag wat na individue kan verskuif nie. Kollegialisme ken gesag aan vergaderings toe. In die presbiteriale kerkregering (GKSA) word die gesag van Christus in gehoorsaamheid aan sy Woord bedien. Hy laat sy gesag bedien in vergaderings deur persone wat Hy roep tot diens en deur sy Gees daarvoor toerus.

2.2.5.1 Die afleidings en bewerings in die Beswaarskrif wat op grond van die verkeerde gesagsbegrip gemaak word, kan nie as geldige motivering vir die beswaargrond dien nie.

2.2.6 Die motivering in 2.3 beweer in aansluiting by 2.2 dat die werkswyse van Deputate in koöptering aan hulle onregmatige gesag en beheer gee om uit te brei. In die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:537, 2.2.3), waarteen beswaar gemaak word, word

- opdrag aan Deputate gegee om waar nodig hulp en kundiges te koop teer. Die motivering vir die opdrag is dat Deputate die werkswyse **kan** gebruik om die opdragte wat die Sinode gegee het af te handel. Waar Deputate van hierdie werkswyse gebruik maak handel hulle dus nie met sogenaamde “*eie gesag*” nie, maar in opdrag van die Sinode. Hierin word KO, art 49 nie verbreek nie. Hierin word uitvoering aan KO, art 49 gegee. Die betoog in die motivering oor koop tering lewer geen bewys ter ondersteuning van die beswaar teen die besluit van Sinode 2000 nie.
- 2.2.6.1 Die bewering in 2.3 dat Deputate in koop tering selektief kan optree om `n bepaalde siening te bevorder word nie bewys nie. Die bewering lewer geen bewys waarom die beswaar teen die besluit van Sinode 2000 gehandhaaf moet word nie.
- 2.2.7 `n Onderskeid word in 2.4 gemaak tussen kundiges en onkundiges. Die onderskeid word sonder bewys toegepas op kerklike vergaderings en hulle besluite. In die onderskeid word die onaanvaarbare teenstelling tussen cleres en leke in die kerk teruggebring. Afgevaardigdes is nie onmondig nie. Hulle word deur God geroep en toegerus om sy gesag uit te oefen in en deur besluite wat in die Skrif begrond is. Die onderskeid kan nie aanvaar word as `n geldige bewys vir die beswaargrond nie.
- 2.2.8 Die Beswaarskrif stel in 2.5 dat Deputaatgroepe alreeds manipulasies in besluitneming van vorige Sinodes veroorsaak het – en sodoende onrus en onsekerheid in die GKSA veroorsaak het. As bewys vir die stelling word na die hele saak rondom die lidmaatskap by die SARK verwys. Die Beswaarskrif beweer dat dit lyk of die Deputate die opdraggers van die kerk was “... *want waar en wanneer het kerke die Deputate opdrag gegee om ons lidmaatskap tot SARK te ondersoek, wat nog te sê om aanbevelings te maak of om dit te probeer afhandel.*”
- 2.2.8.1 Die Beswaarskrif beklemtoon spesifiek dat die opdrag om lidmaatskap tot SARK te ondersoek by `n plaaslike kerk moes begin het. Artikels 30 en 52 reël egter spesifiek dat die algemene sinode juis `n saak soos kontak met die SARK behoort te hanteer. KO, art 32: “*Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word ... wat by die meerdere vergaderings tuishoort.*”  
 KO, art 52: “*Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak (met kerke en kerklike instansies) buite die algemene sinodale verband, word in `n Algemene Sinode gereël.*”  
 Daarom het Sinode 1997 (Acta, 1997:177, 3.2.3) gestel dat dit belangrik is dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdiensuitsendings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer. Die opdrag is aan die Deputate vir Ekumeniese Sake gegee (Acta, 1997:176-177, 3.2) en Sinode 2000 het dit as opdrag aan die Deputate Ekumenisiteit Binnelandse Kerke opgedra (Acta, 2000:216-217, 3.5).
- 2.2.8.2 Hieruit is dit duidelik dat die Beswaarskrif se bewering dat die Deputate as opdraggers opgetree het, nie geldig is nie en dat hulle stelling dat Deputaatgroepe manipulasies in besluitneming van vorige Sinodes veroorsaak het, ongegrond is.
- 2.2.9 In 2.6 word versoek dat die Sinode sake wat nie afgehandel kan word nie, nie na Deputate nie, maar na die kerke terugverwys. Dit kan so gebeur, maar dit kan nie altyd so gebeur nie. Indien dit altyd gebeur, sal dit strydig wees met die reëling van KO, art 49 oor Deputate. Deputate staan nie los van die kerke nie. Kerke kry soos besluit deur die Sinode (Acta 2000:537, 2.1, 2.2 en 2.6) geleentheid om persone voor te stel vir benoeming op Deputate. Deputate kan in die uitvoering van hulle opdrag, soos en wanneer nodig, met die kerke skakel waaruit die saak voortgekom het. Die werkswyse wat in 2.6 voorgestel word, gee nie enige motivering om die beswaargrond teen die besluit te handhaaf nie.
- 2.2.10 Die motiverings in 2.1 tot 2.6 word in 2.7 saamgevat. Geen nuwe gronde word hier aangevoer om die beswaargrond te motiveer nie. Die versoek van die Kerkraad/Streeksinode word in die punt verwoord. Daarin word gevra dat artikel 49 gehandhaaf word en die besluit van Sinode 2000 waarteen die beswaar ingedien is,

tersyde gestel word. Die beswaar het egter nie in die beswaargrond of in die motiverings vir die beswaargrond daarin geslaag om te bewys dat die besluit van Sinode 2000 strydig is met KO, art 49 nie. Daarom kan daar nie aan die versoek voldoen word nie.

**Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.2.10.**

### **3. Bevinding**

Die beswaar en sy motivering slaag nie daarin om te wys dat die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:538, 3.2 en Acta 2000:537,2.2.3) strydig is met die Kerkorde nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

### **4. Sake vir besluitneming**

#### **4.1 *Aanbeveling***

Die beswaar slaag nie

**Besluit: Goedgekeur.**

## 25.2 BESWAARSKRIF: STREEKSINODE BOSVELD OOR AFVAARDIGING NA MEERDERE VERGADERINGS (ART 19, 46, 237)

ZZZZZZZZZ. Ds SA Cilliers stel die Beswaarskrif.

AAAAAAAAAAA. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 3.

BBBBBBBBBBB. Ds PA Odendaal rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 3.

### CCCCCCCCC. **BESWAARSKRIF**

#### 1. Die besluit waarteen beswaar gemaak word

Nasionale Sinode 1958:42, art 271, D, punt 1-4:

“(1) Die Klassis vaardig ewe veel predikante en ouderlinge af na die Partikuliere Sinode. (3) Die Partikuliere Sinode bepaal die getal afgevaardigdes wat deur elke Klassis in sy ressort gedeputeer moet word.” Dieselfde geld vir die besluit ten opsigte van afvaardiging na die Nasionale Sinode p41, punt C.b.(2) (a): “Die Partikuliere Sinode vaardig ’n gelyke aantal predikante en ouderlinge af na die Algemene Sinode gelykstaande aan agt afgevaardigdes per elke Klassis in sy ressort.”

#### 2. Grond vir die beswaar

Die Sinode is in sy besluit in stryd met die Presbiteriale Kerkregering en daarin ook met artikels van die Kerkorde en ons Gereformeerde Belydenis.

#### 3. Motivering

Die Presbiteriale Kerkregering se uitgangspunt is nog altyd dat die plaaslike kerk selfstandig en volledig kerk is en die openbaring van die liggaam van Christus op ’n bepaalde plek. Daarby is dit so dat meerdere vergaderings, vergaderings van plaaslike kerke in hulle afgevaardigdes is en nie vergaderings van ampsdraers nie.

Meerdere vergaderings hanteer sake wat plaaslike kerke nie alleen kan afhandel nie, maar ook ander kerke in die omgewing raak, sowel as sake wat meerdere wysheid nodig het (KO, art 30). Meerdere vergaderings dien die belange van die plaaslike kerk en bestaan net solank die vergadering in sitting is. Daarna word dit ontbind en slegs die plaaslike kerke en kerkraad as kerklike vergadering waardeur Christus sy kerk wil regeer, bestaan voort (NGB, art 30).

’n Verdere beginsel is dat een kerk nie oor ’n ander kerk mag heers nie, maar dat alle kerke gelyke gesag en seggenskap het, omdat die kerk die gesag van Christus en nie sy eie gesag bedien nie (KO, artt 36 en 84).

Die benaming “Klassis”, “Partikuliere Sinode” en “Sinode” in die Kerkorde beskryf die vergadering van plaaslike kerke in ’n spesifieke omgewing en nie ’n vergadering wat op sy eie bestaan nie. “Die kring van kerke wat betrokke is, word net groter” (Van der Linde, 1983:169)<sup>i</sup>.

Die besluit van Sinode 1958 is strydig met hierdie beginsels en maak die deure wyd oop vir Kollegialisme en dat een kerk deur ander oorheers word.

Die Sinode bepaal dat meerdere vergaderings na volgende meerdere vergaderings ’n bepaalde en gelyke aantal predikante en ouderlinge afvaardig. Dan is dit in praktyk nie meer ’n vergadering van kerke nie, maar van ampsdraers uit verskillende kerke. In die praktyk gebeur dit dat:

(1) daar sekere kerke is wat minder of glad nie verteenwoordiging op die betrokke meerdere vergadering het nie, terwyl ander kerke weer groter verteenwoordiging het;

(2) daar sekere kerke is wat altyd verteenwoordig word en ander selde of nooit.

Indien die plaaslike kerk nie sy eie afgevaardigdes kies nie, maar die afgevaardigdes van die kerke in die ressort namens die plaaslike kerk sy verteenwoordiging op die volgende meerdere vergadering bepaal, kom dit enersyds neer op indringing in die diens van ’n ander, en andersyds oorheersing van die een kerk oor ’n ander. Daarby is die name op die groslys op die meerdere vergaderings vir afvaardiging nie eers by alle kerke bekend nie en kan dus nie daardie kerke verteenwoordig nie.

Visser (1999:206)<sup>ii</sup> noem dit “indirekte verteenwoordiging” van elke kerk op meerdere vergaderings. Die vraag is hoe ’n plaaslike kerk op meerdere vergaderings anders verteenwoordig

kan word as juis direk deur sy afgevaardigdes met sy kredensiebrief? Daar bestaan nêrens in die presbiteriale kerkregering iets soos indirekte verteenwoordiging nie.

Mens sou kon beweer dat KO, art 31 wel die weg open vir alle kerke, ook die wat nie verteenwoordiging op die betrokke vergadering gehad het nie, om langs die kerklike weg in alle besluite inspraak te hê. Dit gaan egter hier oor die uitdrukking van kerklike eenheid wat sigbaar word in die openlike verklaring en gesamentlike besinning oor sake omdat ons een is in leer, diens en tug.

Enige iemand buite die kerkverband kan immers teen enige besluite van enige kerklike vergadering volgens KO, art 31 beswaar maak of appèlleer, sonder dat dit die uitdrukking van kerklike eenheid is. Kerklike eenheid word uitgedruk deur afgevaardigdes van elke kerk per kredensiebrief met keurstem oor sake wat alle kerke raak. Kerke besluit saam en in oorleg met mekaar.

“In meerdere vergaderinge word alleen maar gesamentlik geluister na die stem van Christus en gee die een kerk ag op die ander in opdrag van die Here” (Van der Linde:274, KO, art 84).

Elke kerk het op die meerdere vergadering ’n roeping en verantwoordelikheid deur hulle teenwoordigheid om die suiwer stem van Christus te laat hoor, om in die kerkregering die wil van die Here na te speur en te handhaaf (NGB, art 30 en KO, art 55).

In die praktyk van die besluit van Sinode 1958 vaardig die plaaslike kerk slegs af om die eerste meerdere vergadering te “vorm”. Daarna neem die meerdere vergaderings die funksie en verantwoordelikheid van die Kerkraad oor en funksioneer die meerdere vergaderings op hulle eie en vaardig selfstandig af na die volgende meerdere vergaderings, wat daarop neerkom dat kerke uiteindelik oor mekaar kan heers en kollegialisties is. Dan besluit ander kerke namens kerke wat nie teenwoordig is, of mag wees nie, omdat hulle nie ’n afvaardiging het nie. Geen Kerkraad kan of mag hierdie reg en verantwoordelikheid aan ander oordra nie.

Ook die Openlike Verklaring kom hierdeur in gedrang, omdat sekere kerke wat saam hierdie dierbare geloof deel, nie mag deelneem en stem in sake nie, omdat hulle nie afgevaardig is nie, selfs al sou hulle graag wou. Ons ontken nie dat daar omstandighede buite beheer kan wees wat verteenwoordiging kan verhinder nie, maar as die toegang binne kerkverband verhinder word deur die huidige praktyk van afvaardiging word die eenheid versteur en word die pad oopgemaak vir oorheersing. **Indien daar kerke sou wees wat in die huidige bedeling per kredensiebrief sal wil afvaardig na vergaderings buite hulle ressort, is dit ’n ope vraag of hulle (ten spyte daarvan dat hulle deur die Openlike Verklaring daartoe uitgenooi word) wel ontvang en toegelaat sal word.**

“Die sogenaamde getrapte afvaardiging ... is bloot ’n praktiese maatreeël om die omvang van veral die Nasionale Sinode te beperk” (Visser:206, KO, art 47). Maar wat is dan nou genoeg kerke om ’n meerdere vergadering te vorm? Die vraag is of die beginsel die praktyk of die praktyk die beginsel bepaal? Dit blyk in die besluit van die Sinode of die praktyk hier die beginsel bepaal. Die huidige wyse van afvaardiging is afvaardiging van ampsdraers en nie kerke nie. Hieroor sê Spoelstra: “Die argument waarop Sinodes as strukture soos en naas die Kerkraad geplaas word, berus nie op Skrifgronde nie, maar op ’n argument gebou op ‘afvaardiging’ in die verenigingsreg en op ’n ‘kerkregtelike’ argument oor die amp wat die afgevaardigde beklee (Bouwman 1937:85-97; Spoelstra 1967). Volgens hierdie kollegialistiese opvatting is die Kerkrade en meerdere vergaderings strukture waarvan die ampsdraers (Kerkraad) of die afgevaardigdes (in Sinodes) “lid” word (Bouwman 1937:98; Nauta 1971:177). Volgens hierdie kollegialistiese strukturele opvatting beslaan kerkrade grense en word kerke binne bepaalde grense weer tot onderskeie meerdere vergaderings geïnstitueer. So beslaan ’n bepaalde meerdere vergadering ook ’n bepaalde geografiese gebied (vgl. Nauta 1971:188v; vgl. ook by presbiterianisme). Hierdie kollegialistiese opvatting bots radikaal met wat die Skrif ons leer oor die amp en plaaslike kerk (vgl. artt 2,3,16,23; Calvyn Inst IV.3.vii) en kerke in kerkverband” (Spoelstra, 1989:173).

Indien meerdere vergaderings vergaderings van plaaslike kerke is, moet dit plaaslike kerke wees wat afvaardig en deur hulle afgevaardigdes verteenwoordig word per kredensiebrief wat die Kerkraad van daardie plaaslike kerk alleen kan uitreik. ’n Meerdere vergadering kan uit die aard van sy wese nie ’n kredensiebrief gee nie. ’n Meerdere vergadering bestaan slegs solank dit in sitting is. Sodra die vergadering afgehandel is, bestaan dit nie meer nie en kan dus ook nie afgevaardigdes hê om ’n vergadering, wat nie meer bestaan nie, te “verteenwoordig”. Daarom het

'n meerdere vergadering slegs Deputate wat opdragte van die kerke, namens die kerke, moet uitvoer.

Dan verklaar die vergadering na die tyd: “Die Heilige Gees en ons het besluit ...” (Hand 15). Die “ons” in vandag se terme is die kerke. Maar in die huidige bedeling was al die kerke nie teenwoordig nie. Dit is dus sommige kerke en die ander is van hierdie “ons” uitgesluit.

#### **4. Versoek**

Ons versoek die Algemene Sinode om hierdie besluit te herroep en in lyn te bring met die beginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel waarin die selfstandigheid en kompleetheid van elke plaaslike kerk ononderhandelbaar is.

### **DDDDDDDDDD. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

#### **a. Opdrag**

Beswaarskrif: Streeksinode Bosveld oor afvaardiging na meerdere vergaderings.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **b. Sake vir kennisname**

##### *2.1 Werkswyse van kommissie*

Insette is ontvang van verskeie persone, onder andere proff CFC Coetzee (benoemde adviseur), PP Kruger en A le R du Plooy. Die toelichter van die Beswaarskrif het geleentheid ontvang om die Kommissie toe te lig.

##### *2.2 Beredenering: Beswaarskrif*

2.2.1 Die Beswaarskrif beweer dat, indien 'n plaaslike kerk anders verteenwoordig word by meerdere vergaderings as juis deur sy afgevaardigdes met sy Kredensiebrief, dit in stryd sou wees met die Presbiteriale Kerkregering en daarom ook met die artikels van die Kerkorde en Gereformeerde Belydenis.

2.2.2 Die Beswaarskrif gaan uit van die Presbiteriale Kerkregering se uitgangspunt dat die plaaslike kerk selfstandig en volledig kerk is en dat alle meerdere vergaderings vergaderings van plaaslike kerke is.

2.2.3 Indien 'n plaaslike kerk nie deur sy afgevaardigdes met Kredensiebrief op meerdere vergaderings verteenwoordig word nie, dan is dit in praktyk nie meer 'n vergadering van kerke nie, maar 'n vergadering van ampsdraers uit verskillende kerke.

2.2.4 Kerklike eenheid kan nie anders uitgedruk word as deurdat elke kerk in sy afgevaardigdes by meerdere vergaderings teenwoordig is nie. Kerke besluit saam en in oorleg met mekaar.

2.2.5 Die Openlike Verklaring kom in gedrang “*omdat sekere kerke wat saam hierdie dierbare geloof deel nie mag deelneem en stem in sake nie, omdat hulle nie afgevaardig is nie*”.

2.2.6 Getrapte afvaardiging is bloot 'n praktiese maatreël en sluit aan by afvaardiging soos in verenigingsreg wat die kollegialistiese opvatting bevorder.

2.2.7 Meerdere vergaderings bestaan slegs solank dit in sitting is. Indien meerdere vergaderings sou afvaardig, verteenwoordig die afgevaardigdes 'n vergadering wat nie meer bestaan nie.

2.2.8 In die uitdrukking in Handeling 15: “Die Heilige Gees en ons het besluit” verwys die ons na die kerke.

##### *2.3 Beoordeling: Beswaargrond*

2.3.1 Dit is duidelik dat die Beswaarskrif die beginsel van afvaardiging deur meerdere vergadering wil vasstel. Die probleem van die besluit van Sinode 1958 vir die Beswaarskrif is juis dat daar op die oog af geen beginsel aangebied word vir die besluit tot getrapte afvaardiging nie. Die Kommissie wil deel in hierdie uitgangspunt: Eers die beginsel en dan moet die praktyk gereël word.

2.3.2 Soos die Beswaarskrif volgens hulle beredenering die gevaar van kollegialisme wil beklemtoon, moet ook die gevaar van independentisme en demokratisering nie misgekyk word nie (waar ek nie deel van die besluit is, as ek nie direk daaraan meegewerk het nie).

2.3.3 Dit kan juis vanuit Handeling 15, wat die Beswaarskrif aandien, aangetoon word. Alhoewel al die plaaslike kerke nie teenwoordig was nie, was die besluit soos blyk uit Handeling 16:4 bindend. (Handeling 16:4 *Soos hulle van stad tot stad gereis het, het hulle die besluite wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges oorgedra en hulle*



beveel om daarvolgens te handel.) Hoekom? Die klem val op die werk van die Heilige Gees, en nie op die *ons* wat besluit nie. Die wese van gesag van kerklike besluitneming gaan nie oor wie almal pertinent teenwoordig is nie, maar of Christus deur die afgevaardigdes gesagvol aan die Woord kom deur sy Gees.

- 2.3.4 Dit is ook betekenisvol dat Sinode 1958 met hulle besluit nie die Kerkorde verander nie, maar dit prakties inklee. Die inleiding van die besluit is nie deur die Beswaarskrif aangehaal nie: “Afvaardiging moet geskied volgens die beginsel van die Kerkorde” (Acta 1958:41, artt. 41, 47, 50). Die numerering van die Beswaarskrif is nie korrek nie. Daarom hou die Kommissie hier net by bladsy-aanduiding.

KO, art 41 reël: “Die Klassis is ’n vergadering van naburige kerke” en KO, art 47 reël: “Die Partikuliere Sinode is ’n vergadering van naburige Klassisse.”

- 2.3.5 Hierdie besluit van 1958 moet in konteks verstaan word: Tevore het kerke in Suid-Afrika direk na al die meerdere vergaderings afgevaardig. Nadat dikwels deur die kerke gevra is vir vermindering van afgevaardigdes, het Sinode 1952 studie begin vir verminderde afvaardiging met inagneming van kontinuïteit en verband(kontak) met die kerke. Die Deputate wat rapporteer by 1958 stel: “Ons verklaar egter teweens dat die verwagting in ons opdrag om ’n skema uit te werk waarin ‘die kontinuïteit van die Sinode en die nodige verband met die gemeentes bewaar sal word’, aan die onmoontlike grens” (Acta 1958:39, art.31). Dan kom die aanbeveling wat Sinodebesluit (vgl. 3.3.4 Rapport) word. Dit impliseer tog: Afgevaardigdes uit elke kerk is volgens Kerkorde nie noodsaaklik vir die Partikuliere Sinode en Algemene Sinode nie. So was dit lank reeds in Nederland toegepas.

- 2.3.6 Kerkregtelikes is eenstemmig dat die Kerkordelike reëlings met betrekking tot die hoeveelheid afgevaardigdes vanuit die Klassis en ander meerdere vergadering nie in hulle praktiese inkleding op pertinente Skrifbeginsels berus nie, maar eerder op afspraak tussen die kerke.

**Tereg het kerkregtelikes onderskei tussen die kerkregering deur middel van die opsieners wat tot die wese van die kerk behoort en kerkregering in samekomste van kerke (Sinodes) wat tot die welwese van die kerk behoort (Bouwman 1934:65; vgl. Franse KO 1559: art 40). Sonder die bediening van die gesag van Christus (NGB, artt 7, 31) kan daar geen gemeente wees nie, maar sonder die tussen-gemeentelike hulp aan en toesig oor mekaar kan dit met geen gemeente goed gaan nie.**

en

